

HERBS

No. 98

December 2010

Hierdie geïllustreerde nuusbrieff bied die jongste Hermanus Botaniese Vereniging se nuus en menings oor die fynbostoneel. Dit verskyn ook op ons webtuiste www.fernkloof.com

VERSLAG VAN DIE VOORSITTER

Dit is moeilik om te glo, maar tog waar.....2010 is feitlik op sy rug! Dit was 'n besige jaar ten opsigte van botaniese aangeleenthede en voorwaar ook boeiend. Soos elke jaar ondervind word, hou die fynbos nie op om ons te verbaas en genot te verskaf nie - en vir dié met 'n filosofiese inslag, om lewenslesse te verskaf wat dikwels dui op suiwer taaheid. Dit is altyd moeilik om 'n enkele hoogtepunt uit te lig, maar die kollig moet hierdie jaar val op Hoogie se ontdekking van 'n gesonde populasie "vermoedelik uitgestorwe" *Erica jasminiflora* in die Hemel-en-Aardevallei.

Hierdie jaar se Blomme-en -Ekotentoonstelling was weer eens 'n daverende sukses ten spyte van die aanloop wat sò vol slaggate was dat dit uiteindelik lagwekkend voorgekom het ; as dit 'n teaterteks was, sou dit stewig in die "klug"-kategorie geval het. Hoe dit ook al sy, alles was betyds gereed en dié wat bygewoon het, het alles ten volle geniet. Ons het hierdie jaar enkele innovasies geïnkorporeer, soos byvoorbeeld die pendeldiens van die onder-parkeergebied. Dit het geblyk 'n praktiese oplossing te wees vir die jaarlikse parkeerprobleem, maar behoort aanstaande jaar baie meer sigbaar te wees. Die Ekoafdeling van die Tentoonstelling het 'n paar baie interessante uitstallings en aanbiedings vertoon, en die nuwe blomspan - gerugsteun deur die wetenskap - het ons eer aangedoen.



Elsa Carstens, koördineerder van die Blomme-uitstallings



Werner Jacobs waterwyse-vertoon tuin Photo: Anina Lee

Die Rolbalklub se spysenierspan het op kort kennisgewing oorgeneem om die situasie te red wat ná Annemari se ongeluk ontstaan het, maar dit het ons wins in 'n mate 'n knou gegee. 'n Element wat nie met die program gesinchroniseer het nie, was die weer.

Twee aangename dae is gevolg deur 'n nat, koue en winderige naweek. Dit, saam met belangrike rugby op TV, het 'n lae bywoningsyfer tot gevolg gehad. Ten spyte hiervan, egter, was die wins baie dieselfde as verlede jaar en dit beteken dat ons finansies 'n klein hupstootjie gekry het.

So baie mense het van hul tyd afgestaan dat dit onmoontlik sou wees om individue uit te sonder, maar ons opregte dank gaan uit na almal wat betrokke was by hierdie belangrike gebeurtenis op ons dorp se almanak.

Die nuwe brosjure wat verlede jaar beskikbaar gestel is, het geblyk só gewild te wees dat 'n opvolg-opgawe nou gedruk word en dit word aangevul deur die nuwe Fernkloofstapperskaart. Die produksie van hierdie kaart het baie tyd en sweet geverg. Veral Jim en Ann Sweet het vele ure daaraan bestee om te verseker dat dit sowel akkuraat as gebruikervriendelik is. Dit sluit volle beskrywings in van die gewildste roetes en is met groot entoesiasme deur stappers ontvang.

Lede-geselsaande trek steeds goeie gehore en voorsien stof tot nadenke en suiwer genot. By die mees onlangse byeenkoms het 'n internasionale vetplantdeskundige, Frans Noltee, die oorlewingstrategie van hierdie waterwyse plante met 'n aanbieding, wat wetenskap en visuele digkuns ingesluit het, met ons gedeel. Ons het 'n kopié van sy CD, getiteld "Succulent plants of the Little Karoo", wat naby 250 spesies illustreer en beskryf en ook algemene name gee, vir ons biblioteek aangekoop.

Hierdie tyd van die jaar word 'n mens se gedagtes oorheers deur die naderende vakansieseisoen en tyd deurbring met familie en vriende. Hou asseblief, egter, Botsoc se behoeftes vir volgende jaar in gedagte en wat jy kan doen om die werk van ons vereniging te ondersteun. Ons pragtige omgewing om Hermanus, sowel as die openbare amptenare belas met sy onderhoud, is voortdurend onder druk. Die burgerlike samelewing (en dit sluit ons almal in) moet 'n toenemende betrokke rol speel om die bewaring en oorlewing te verseker. Organisasies soos Botsoc is lewensbelangrik in hierdie opsig.

Die Komitee wens u almal 'n gelukkige, gesonde en veilige feesseisoen en hernude lewenskrag vir die komende jaar toe.

Pat Miller

ONS BLOMNAME: WEES DAARDEUR BETOWER – NIE VEROWER

Gooi jy jou hande in die lug van frustrasie wanneer jy gekonfronteer word met botaniese tongknopers soos *Leucospermum conocarpodendron* en *Aristea oligocephala*? Moenie moed verloor nie.

'n Omvattende werk oor die oorsprong van die wetenskaplike name van ons plaaslike flora behoort vroeg aanstaande jaar gereed, en vir alle belangstellende swerwers van groot nut te wees.

Geoffry Andrew, 'n lid van baie jare in ons vereniging, het die afgelope vyf jaar bestee aan die verduideliking en ontleding van die klassieke en ander benamings van meer as 1600 spesies in die Fernkloof reservaat (Kranspad [Cliff Path] ingesluit) en Vogelgat Privaat Natuurresewaat. Meer as 'n 160 bladsye later (wat 'n 18-bladsy aanhangsel van persone en boeke, die werk ter sake dienend, insluit) lewer hy 'n dokument wat die betekenis en oorsprong van al die genera en spesies in ons gebied nougeset navors. Die oorsprong van familienaam sal volg.

In sy Fernkloofhuis bokant die Mosselrivier is hy omring deur 'n indrukwekkende versameling twee-en-twintigste uitgawe volumes(1989) van die Oxford English Dictionary, 'n massa navorsingsboeke en –materiaal en een dun boekie wat hy een van die nuttigste bronne van inligting noem. Dit is *Botanical Names – What they mean: Wild Flowers of the Cape Peninsula* deur Deon Kesting en Hugh Clarke.

Geoffrey is betower deur sy studies en deur die *Internasionale Kode van Botaniese Terminologie (1988)* wat konstateer : "Die naam van 'n genus is 'n substantief in die enkelvoud of 'n woord wat sodanig behandel word. Dit mag aan enige bron ontleen word en mag selfs absoluut willekeurig saamgestel wees." Die Kode beveel ook by botaniste wat name vorm aan om "sover doenlik Latynse afkortings te gebruik; om name te vermy wat nie geredelik aanpas by die Latynse taal nie; om nie name te maak wat lank en moeilik uitspreekbaar is in Latyn nie."

Hier is 'n paar van sy voorkeurbenamings:

ERICA. Van die Grieks *ereike* betekenende vas- of fynstamp. Deur Theophrastus (372-287vC) en Pliny die ouderling (23-79 nC) in kaal vlaktes gebruik en verwys na die vermeende vermoë van sommige spesies om galstene op te breek.

ELEGIA Linnaeus se naam van die Grieks *elegia*, klaaglied

DISA Wys waarskynlik heen op Disa, 'n legendariese Sweedse koningin.

Brunia alopecuroides Van die Griekse *alopec*, betekenende 'vos' en Latynse *urus*, betekenende 'van 'n stert voorsien.

Aristea oligocephala Van die Grieks *oligos* betekenende 'klein of yl' en *cephalus*, met kop.

Brunsvigia orientalis Vir die Hertog van Brunswick en Latynse *oriens* en *-alis* betekenende 'behorende tot die sonsopkoms/van die dagbreek'

Agathosma beteken 'hemelse geur', **agapanthus** beteken 'liefdesblom'.



Brunsvigia orientalis : sonsopkoms/van die dagbreek



Agapanthus africanus : liefdesblom

Ons eie plantkundiges dr. Ion Williams en mev. Priscilla Drewe is vereer met die benoeming van verskeie spesies soos *Tritoniopsis williamsiana* en *Otholobium dreweae*.



En moenie die reuse, goue speldekussing (links) *Leucospermum conocarpodendron subsp. viridis* wat in die skaduwee van die Northcliffberge groei, vergeet nie. Hy het minstens ses klassieke afleidings: - *leucos*=wit; *sperma*=saad; *konos*=keël(cone); *carpos*=vrug; *dendron*=boom; *viridis*=groenerig .

Dankie, Geoffrey, vir al jou toewyding en harde werk. Ons sien uit daarna om hierdie verhandeling volgende jaar in boekievorm te sien ná 'n borg gevind is.

Geraldine Gardiner

ENKELE 'KRAAK'- en 'ROTS'PLANTE van FERNKLOOF

'n Klouter-uitstappie oor die rotsriwwe in Fernkloof sal dikwels beloon word met die voorkoms van klein plantjies wat die elemente van koue, wind en reën of die versengende hitte van die somer, dapper oorleef. Die aanpassing van hierdie plantjies by hierdie toestande maak dit vir hulle moontlik om in die dunste kroke te groei en blom, ander neem 'n miniatuurvorm aan en groei in klein rotsholtes gevul met sand terwyl nog ander oorleef deur voordeel te trek uit die skuiling en die skaduwee wat deur oorhangrotse gebied word. Fernkloof het slegs vier plante wat die 'spesie'-naam *rupestris* het, wat rots- of kransbewoning beteken. ***Brachysyphon rupestris*** wat dikwels slegs opgemerk word wanneer hulle blom en 'n flits van pienk teen 'n rotswand vertoon, word net in die Kleinberge aangetref en word in die Rooilys aangegee as 'raar.' ***Crassula rupestris*** het die beskrywende algemene naam Konsertinaplant, Sosaties en Rots-crassula. Die pikante blommetjies kom in trosse aan die punte van die stingels voor en is wit met 'n tint van pienk. Hulle is meesterlik teen die rotswand gekamoefleer.



Brachysyphon rupestris



Crassula rupestris

Centella rupestris, 'n lid van die Apiaceae-familie, word op hoogtes van tussen 500 en 700 meter bo seespieël aangetref en word, as gevolg van hul onbeduidende voorkoms, dikwels nie raakgesien nie. 'n Ander spesie, *Centella triloba*, gee ook voorkeur aan rotsriwwe waar hulle, soms letterlik hangende uit die kroke in die rotswand, gesien kan word. ***Stilbe rupestris*** of Rotsstilbe het aantreklike wit of pienk blomme en groei, op hoogtes van 300 tot 1000 meter bo seespieël, uit kroke. Die plant is 'n lid van die Stilbaceae-familie.



Centella rupestris



Stilbe rupestris

Benewens die '*rupestris*'-plante is daar ander in Fernkloof wat nadere ondersoek regverdig. 'n Ongewone bultagtige plant met die tongknoopnaam *Bryomorpha aretioides* (*bruon* = mos en *morphe* = vorm wat mosagtige gedrag impliseer) is 'n plant wat op hoë hoogtes bo seespieël aan blootgestelde rotse klou en wanneer hy blom, lyk dit soos lippers kussings teen die rots. Dit is een van ons min plante wat Alpinse gedrag openbaar. Sy algemene naam is Mossie Wolfsklou Madeliefie, wat hom raak beskryf. Hulle kan in die somermaande bo in Droëkloof in blom gesien word.

Teedia lucida, Stinkbos of Seringstruik word nie dikwels gesien nie maar regtig eers waargeneem wanneer dit blom. Hulle word gewoonlik aangetref as klein plantjies in sandge vulde rotsholtes. Die aantreklike blomme maak van September tot Januarie hul verskyning. Dit is die enigste spesie wat in Fernkloof voorkom.




Bryomorpha aretioides



Teedia lucida

Die spesienaam vir *Erica petrophila* gee 'n raak beskrywing van sy gewoonte of gedrag, waar *petro* 'rots' beteken en *philus* 'geliefde van' – duidend op die klaarblyklike vermoë van die plant om aan die rotse te klou. Hierdie baie fyn, klein *Erica* wat niks meer as 20cm in deursnee is nie, het blare, kelkblare en blomkroon bedek met klierpunt-haartjies wat hom taai maak met aanraking.



Erica petrophila



Christine Wakfer 'op die kranse'

Wanneer jy dus weer teen die Fernkloofhellings is, ruim tyd in om die rotstuine te verken, dink met deernis aan ons onverskrokke fotografe wat soms hul lewe waag om ons botaniese prag op film te verewig!

Sandy Jenkin

WAT BLOM?

Vier lede van die *Harveya*-genus van die familie Orobanche of 'Broomrape' sal in November en Desember in Fernkloof blom.

Hierdie holoparasitiese meerjarige parasiteer die wortels van verskeie ander plante.

Harveyas wat swart word wanneer hulle gekneus of gedroog is, is deur vroeë setlaars gebruik om ink te maak, vandaar die algemene naam 'Inkblom'. Al vier spesies het buitengewoon knopperige stempels en skaalagtige blare.

Die genus is genoem na William Harvey (s 1920), Ierse tesourier-generaal van die Kaapkolonie en hoofouteur van Flora Capensis.



Harveya capensis



Harveya purpurea

Harveya capensis, waarvan die delikate wit blommetjies waarskynlik deur motte bestuif word, leef parasities op *Cliffortia*-, *Searsia*- en *Erikaplante*.

Harveya purpurea is die kleinste en sy blomme is wit tot rooskleurig met geel vlekke in die keel. Die wortelparasiet van hierdie *Harveya* is die Campanulaceae of klokblomfamilie.



Harveya squamosa



Harveya tabulosa

Harveya squamosa is helder oranje met 'n stewige vlesige stingel en word in diep sanderige grond gevind. Die gasheerplante van hierdie spesie is die *Willdenowia* van die Restionaceae en *Othonna* in die Asteraceae-familie. *Harveya squamosa* word heel waarskynlik deur suikerbekkies bestuif.

Die blomstingel van die *Harveya tabulosa* is 15-50cm lank en is styf harig en perserig van kleur. Die algemene naam van hierdie plant is 'Jakaranda-inkblom' as gevolg van die rosigte pers kleur van die blom.

Christine Wakfer

'Die Kaapse Mistel'



Die Mistel of *Viscum album* staan in Europa bekend as 'n feestelike versiering, en die tradisie om tydens Kersgety onder 'n paar takkies te soen, word veronderstel romantiese gevoelens teweeg te bring. Dit is gedeeltelik parasities immergroen en word op baie bosveldbome aangetref.

Fernkloof het sy eie Mistel met deurskynende wit bessies, *Viscum capense* of Kaapse Mistel. Dit parasiteer die stamme van verskeie struike, insluitende ons *Searsia*, *Passerina* en *Chrysanthemoides*, en word meer dikwels langs die kranspaadjies as teen die berghange opgemerk.

Eulophia litoralis 'Yellow Orchid'

Corrie Lucas het vroeg in Desember, op die pad na die Drie Damme, twee plantjies van die pragtige helder geel orgidee, *Eulophia litoralis*, raakgeloop. (Foto: C.Wakfer). In die onderstebo blomme ontbreek sakkies of spore en die onderlip het 'n kussing van geel haartjies. Hy word in die Rooilys beskryf as Bedreig en word geken van net 3-5 liggings.

Vernietiging van kusfynbosvindplekke deur stedelike uitbreiding en oornome van uitheemse plante, het die kwyning van subpopulasies tot gevolg.



DATUMS VIR DIE DAGBOEK

14 Januarie 2011

Algemene Jaarvergadering : Fernkloof Saal

4 Maart

Botaniese Vereniging-braai te Fernkloof

"A Happy Floral Christmas"

Baie dankie aan André van der Spuy vir die vertaling
Ons verwelkom enige bydraes tot/terugvoer op die nuusbrieff.

Fotografiese bydraes: Sandy Jenkin, Christine Wakfer

Redakteur: Sandy Jenkin

Redaksionele assistente: Geraldine Gardiner, Christine Wakfer, Lee Burman

Hermanus Botaniese Vereniging

Privaatsak X16

Hermanus 7200

Tel: 028 314 0554

botsochermanus@telkomsa.net

